

**15 Julie**

**Skrifgedeelte: 1 Konings 17:1-24 (OAV)**  
**Fokusgedeelte: 1 Konings 17:9**  
**God versorg liggaam en siel**

In hierdie Skrifdeel sien ons drie maal God se versorging. Na die aankondiging van droogte moet Elia wegkruip by die spruit Krit. Hier versorg God hom self deur kraaie wat kos bring. Kraaie, van nature vraatsugtig, het geen rede om nie die kos self op te eet nie. Die versorging is 'n wonder, want hier gebruik die Here kraaie om selfs teen hulle eie aard vir Elia te versorg.

Die spruit droog later op en God beskik dan 'n weduwee om Elia te versorg. Hier belowe die Here weer versorging. Elia vra dat sy eers met die laaste olie en meel vir hom brood bak en daarna vir haar en haar seun. Daar sou menslik gesproke nie genoeg wees nie, maar Elia vertel dat God die olie en meel nie sal laat opraak nie, totdat dit weer gereën het. Die weduwee glo en die wonder vind plaas. Haar gehoorsaamheid en geloof gaan hierdie wonderwerk vooraf. 'n Feniciëse vrou vertrou op die Here en smaak verlossing en versorging.

Dan sterf haar seun. In haar wanhoop val die vrou terug in heidense gedagtes oor God. Sonder die teenwoordigheid van die Godsmen sou die aandag van God nie op haar en haar sondes geval het nie. Nou het God haar sondes gestraf deur haar seun om te bring. Elia beantwoord nie haar verwyte nie. Hy smeek God om opwekking. Die Here versorg weer deur die seun lewend te maak. Dood en lewe – dit wat die Feniciërs van Baäl verwag het, gee God aan haar. Sy ervaar weereens die genade, mag en grootheid van God.

God is barmhartig en versorg ons. Hy versorg soms deur wonderbaarlike dinge te laat gebeur. Hy versorg ons liggaamlik deur in moeilike tye steeds die daaglikse lewensmiddele te voorsien, maar hy versorg ons ook geestelik deur ons met die verhoring van gebede, sy grootheid te laat beleef.

*Sing: Psalm 34:2 (1936-beryming)*

*Ds DP Prinsloo (Outjo; Otjiwarongo; Biermanskool)*